

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSROJEK-AANSOEKFORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSdatum:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNUMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

7.2

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Die Ring van Humansdorp

Titel van Projek: Diens van Barmhartigheid Humansdorp

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteleier
Naam:	Marquerite Rossouw Strydom
Posadres:	Posbus 797 Humansdorp 6300
E-pos:	marquerite.ekwip@gmail.com
Faks:	
Tel. (k):	042 2951586 of 042 2952006
Tel (h):	
Selfoon:	082 323 7100

Geteken Ds. Stapelberg


19 September 2022

Handtekening Projekvoorsteller

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____ Joe Janse van Rensburg _____, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van _____ Humansdorp _____, dat hierdie projek op _____ 15 September 2022 _____ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.



30 September 2022

Handtekening Voorsitter / Skriba

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die **Diens van Barhartigheid (ja...ons benodig dalk 'n ander naam!)** projek is 'n diensaksie van die NG Kerk Humansdorp wat in samewerking met besighede in Humansdorp uitgevoer word. Die NG Kerk Humansdorp nooi die gemeenskap om te deel in die vreugde van die huisgesin van God, hierdie projek is 'n verlangstuk van die uitnodiging. Juis omdat die gemeente ook fisies in die middel van die gemeenskap staan en dus so ideaal geposisioneer is om 'n verskil te maak in die gemeente.

Die gemeente, haar personeel en lidmate neem tesame met die betrokke besighede en individue in die gemeenskap verantwoordelikheid en eienaarskap van die projek. Baie belangrik egter is dat die persone wat by die projek baat, ook werk binne die projek. Die bevorder die eienaarskap van die projek. Almal het dus 'n rol binne die "huisgesin":

- Maak van finansiële donasies
- Gee van donasies van kos
- Voorbereiding van etes
- Onderhoude, tuisbesoeke, die opstel van CV's ens.
- Maak donasies van klere, beddegoed en ander huisware

Die laaste 2 jaar het die behoefte binne die gemeenskap van Humansdorp geweldig gegroei en wel weens die volgende redes:

- Toename in die koste van huis-/woonstelhuur
- Toename in die koste van krag en water
- Afleggings en verminderde salarisse weens die droogte en Covid-19
- "Onrus" binne die tjokkabedryf wat werkstabiliteit negatief beïnvloed

Die projek het tans kort-, medium-, en langtermyn doelwitte wat almal die hoofdoel dien, naamlik om gesinne te help om hul onmiddellike nood te verlig, hul toe te rus om weer op hul voete te kom en ook om te voorkom dat hul weer in die nood beland.

Korttermyn doelwit: Voorsetting van huidige projek aksies

Ons doen aansoek vir fondse om met die volgende aspekte van ons huidige projek voort te gaan:

- Inname onderhoude met gesinne in nood en assessering van situasie van elke gesin
- Opstel van 'n aksieplan vir gesinne in nood
- Leer van lewensvaardighede insluitend die opstel van 'n CV, hoe om jou in 'n werksonderhoud te handhaaf, die opstel en uitvoering van 'n gesinsbegroting, persoonlike groei en selfwaarde/selfbeeld
- Die voorsiening van hulp met spesiale behoeftes op versoek bv. Volwasse doeke, mediese uitgawes, nasorgfooie ens.
- Die voorbereiding van etes – so word die
- Die samevoeging van kospakkies volgens die behoeftes van elke gesin
- Die uitdeel en uitruil van klere tussen gesinne in die gemeenskap
- Die bewusmaking van die gemeenskap van die poel van vaardighede beskikbaar in die gemeenskap en gevolglike skakeling van mense met mekaar
- Die uitdeel van kospakkies en etes.
- Die verskaffing van huisware, klere, skoolbehoefte ens.
- Die monitering van die aksieplan vir elke gesin, hul vordering al dan nie en aanpassing van plan
- Pastorale berading beskikbaar

Mediumtermyn doelwitte: Neem bestaande skeepsvraghouer in gebruik as dienspunt vir die projek

- Verf en maak skeepsvrag netjies
- Rig skeepsvraghouer in met vensters vir ventilasie

- Rig skeepsvraghouer in met rakke en klere-relings
- Stel iemand aan uit die begunstigdes van die projek om die dienspunt te beman
- Verkoop voorraad wat nie in die projek gebruik word vir hulpverlening nie, teen billike pryse aan die gemeenskap
- Pastorale berading beskikbaar

Langtermyn doelwitte: Brei dienspunt uit

- Brei dienspunt uit met twee basiese badkamers
- Brei dienspunt uit met nagskuiling
- Brei dienspunt uit met houters vir herwinning

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die genoemde gemeente en besighede funksioneer binne die ringsgebied van Humansdorp en dra by tot die uitvoering van die Ring se taak. Die kinders, jeug, mans, vrouens en ouer persone woonagtig in die Humansdorp area is die persone wie baat vind by hierdie projek. Individue en hul gesinne vind baat by die projek. Hul ontwikkeling sal ook moontlik uitkring na die omgewing waar hul woon.

Die doel is dat die gemeenskap self hul gemeenskap help om selfstandig te funksioneer.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
<ul style="list-style-type: none"> • Inname onderhoude met gesinne in nood en assessering van situasie van elke gesin • Opstel van 'n aksieplan vir gesinne in nood • Leer van lewensvaardighede insluitend die opstel van 'n CV, hoe om jou in 'n werksonderhoud te handhaaf, die opstel en uitvoering van 'n gesinsbegroting, persoonlike groei en selfwaarde/selfbeeld • Die voorbereiding van etes – so word die • Die samevoeging van kospakkies volgens die behoeftes van elke gesin • Die uitdeel en uitruil van klere tussen gesinne in die gemeenskap • Die bewusmaking van die gemeenskap van die poel van vaardighede beskikbaar in die gemeenskap en gevolglike skakeling van mense met mekaar • Die uitdeel van kospakkies en etes. • Die verskaffing van huisware, klere, skoolbehoefte ens. • Die monitering van die aksieplan vir elke gesin, hul vordering al dan nie en aanpassing van plan • Pastorale berading beskikbaar 	DEURLOPEND
<ul style="list-style-type: none"> • Verf en maak skeepsvrag netjies • Rig skeepsvraghouer in met vensters vir ventilasie • Rig skeepsvraghouer in met rakke en klerereëlins • Stel iemand aan uit die begunstigdes van die projek om die dienspunt te beman • Verkoop voorraad wat nie in die projek gebruik word vir hulpverlening nie, teen billike pryse aan die gemeenskap • Pastorale berading beskikbaar 	Danksy fondse vanaf die ring ontvang, is die skeepsvraghouer voltooi, rakke en reëlins is ingesit en ons "winkel" maak binnekort oop.

•	
• • Brei dienspunt uit met twee basiese badkamers • Brei dienspunt uit met nagskuiing • Brei dienspunt uit met houters vir herwinning	Binne die volgende 12 maande

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Lizelle Glynos	NG Kerk Humansdorp
Bonita Heyns	NG Kerk Humansdorp
Reza Human	NG Kerk Humansdorp
Herman Dippenaar	Humansdorp Spar
Annamie Marais	Woodlands Dairy
Marijke Terblanche	One Price Store
Marquerite Strydom	NG Kerk Humansdorp
Suretha Strydom	NG Kerk Humansdorp
Maretha Jordaan	Gemeenskap
Marie Strydom	NG Kerk Humansdorp
Begunstigdes van projek	Gemeenskap

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Installering van 'n stort.	1

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

NVT

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
NG Kerk Humansdorp – Spesiale dankoffers vir Diens van Barmhartigheid en donasies spesifiek geoormerk vir Diens van Barmhartigheid	R 120 000 per jaar
One Price Store – afslag op voedsel	
Spar – voedsel wat van rakke afgehaal moet word	
Woodlands Dairy – produkte soos beskikbaar	
NG Kerk Humansdorp – Fondse vir die wasbak en toilet	
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
Boumateriaal en arbeid vir inrig van stort	R 20 000 – 00
TOTAAL:	R 20 000 – 00

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Boumateriaal en arbeid vir inrig van stort	R 20 000 – 00
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R 20 000 – 00

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
So gou as moontlik na die beskikbaarstelling van die fondse.	R 20 000 – 00

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die bedrag kan elektronies oorbetal word.

Rekeningnaam: NG Kerk Humansdorp

Tjekrekeningnommer: 1940580028

Bank: ABSA

Bankkode: 632005

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

--

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
 Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf